

**Maandag 12 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31**

**Fokusgedeelte: Romeine 3:24; HK Sondag 23, Antwoord 60**

**Die regverdiging van die sondaar deur God**

As ons ons sondes leer ken het soos in die vorige dagstukkies aangedui, hoor ons soos in die lieflikste jubelsange in Antwoord 60 (vgl. hierbo) seker die heel mooiste en troosrykste woorde wat in die hele Kategismus opgeneem is. (Lees antw. 60 in sy geheel.)

Waar dit hier gaan oor die regverdiging van die sondaar, moet ons daarop let dat die woord wat in die Ou Testament met regverdig vertaal is, dui op die handeling van 'n regter waardeur hy die aangeklaagde ná noukeurige ondersoek vryspreek of skuldig verklaar. Nou staan ons almal vanweë ons sondes diep skuldig voor die hemelse Regter en ons verdien God se ewige straf. Desondanks spreek Hy ons vry en laat ons die ewige vreugde binnegaan. Hoewel ons volkome onregverdig is, verklaar die Regter ons volkome regverdig. Hy doen dit sonder dat ons dit verdien, alleen op grond van sy genade vanweë die verlossing deur Jesus Christus (Rom. 3:24). Die geregtigheid, heiligheid en volkome voldoening wat Christus in sy onpeilbare liefde vir ons verwerf het, skenk God nou aan ons en reken ons dit toe asof ons alles gedoen het wat Christus vir ons gedoen het (vgl. 2 Kor. 5:21).

Nou verstaan ons hoe ons regverdig is voor God nieteenstaande al ons sondes:

- Dit is ter wille van die voldoening deur Christus.
- Dit is omdat God ons in Christus so oneindig liefgehad het en nog liefhet.
- Dit is omdat Christus vir ons al ons skuld ten volle betaal het en in ons plek aan die geregtigheid van God voldoen het.

Die regverdiging van die sondaar kan as die hart van die evangelie beskou word. Die boodskap van die Bybel word kernagtig saamgevat in hierdie leer van die regverdiging. Dit beteken nie dat die Persoon en werk van Jesus Christus van sy sentrale plek in die evangelie van verlossing verdring word nie. Dit beteken wel dat die heilsame betekenis van Jesus Christus vir die wêreld sy sentrale punt en hoogtepunt in die leer van die regverdiging van die sondaar vind. Die rede daarvoor is voor die handliggend: Hier word immers aangedui hoe die verhouding tussen God en mens wat radikaal deur die sonde versteur is, nou weer deur Christus herstel is.